

## VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

### Maandag

1. Waaroor gaan die storie?
2. Wie is die hoof karakters?
3. Glo jy dat God alles weet, ook wat in jou hart is?
4. Hoe kan jy verkeerde besluite voorkom?



### Dinsdag

1. Het jy al vir God iets gevra?
2. Wat het al met jou gebeur wat jy van God gevra het?
3. Het jy al moeg geword om te wag?
4. Wat het jy probeer self doen?



### Woensdag

1. Wat se beloftes maak God aan Abraham ivm Isak en Ismael?
2. Hoekom moes hulle in die woestyn rondwaal?
3. Hoekom het Hagar gehuil?
4. Wat het God vir haar gesê?



### Donderdag

1. Noem nog plekke waar God genadig was in die Bybel?
2. Hoe kan ons eie en ander mense se planne ons in die moeilikheid bring?
3. Wat is die heel belangrikste ding om te doen wanneer ons in die moeilikheid is?
4. Hoe en wanneer kan ek met God praat?



## GEN 16 & 21

### God sien ons raak en gee 'n Oplossing

#### Hagar & Ismael

*Romeine 9: 15 - "Want aan Moses sê Hy: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie ek wil ontferm"*

Het jy al ooit gevoel dat dit onregverdig is wanneer Mamma met jou raas omdat jou klein boetie en sussie baklei het? Mamma het dalk gesê: "Maar jy is groter, jy moes hulle keer." Jy het gevoel dis nie jou skuld nie. 'n Vrou in die Bybel, het ook swaar gekry sonder dat dit haar skuld was.

Die Here het aan Abraham en Sara 'n kind beloof, maar toe dit te lank vat om te gebeur, het hulle self 'n plan gemaak dat Sara se slavin, Hagar, vir hulle 'n kind sou kry. Die kind se naam was Ismael. Uiteindelik het die Here tog vir Sara 'n beloofde seun Isak gegee. Toe Isak gespeen word, het Abraham 'n groot fees vir hom gehou. Terwyl almal nog fees vier, het Sara gesien hoe Ismael met Isak spot. Sy het vir Abraham gevra om Ismael weg te jaag. Maar Abraham wou nie, maar die Here het aan Abraham gesê: "Laat dit nie verkeerd wees in jou oë terwille van die seun en van jou slavin nie. Luister na Sara in alles wat sy van jou verlang, want deur Isak sal daar vir jou 'n nageslag genoem word. Maar ek sal ook die seun van die slavin tot 'n nasie maak, omdat hy jou kind is."

Die volgende oggend het Abraham vir Hagar en Ismael brood en 'n watersak gegee. Hulle het rondgedwaal in die woestyn van Berseba todat hulle water klaar was. Toe het Hagar vir Ismael onder 'n boom neergegooi en 'n entjie van hom af gaan sit en gehuil. Die Here het na Hagar geroep en gevra: "Wat is dit met jou, Hagar? Wees nie bevrees nie, want God het na die stem van die seun geluister op die plek waar hy is. Staan op, tel die seun op en hou hom vas met jou hand, want ek sal hom 'n groot nasie maak." Daarop het God Hagar se oë geopen, en sy het 'n put gesien. Hagar het die sak vol water gemaak en vir Ismael gegee om te drink. Ismael het groot geword en 'n boogskutter geword.

Ons eie en ander mense se planne bring ons soms in die moeilikheid sodat daar ook onregverdige goed met ons gebeur. Nogtans is die Here genadig soos vir Hagar en Ismael. God is een wat sien en altyd 'n oplossing gee.

***Here, help my om altyd op U te vertrou, sodat ek nie op my eie planne staatmaak nie. Help my om U doel vir my lewe uit te leef.***

## AKTIWITEIT VIR DIE WEEK

### Dwars

2. Wat was Hagar?
3. Wat het Ismael geword in die droom?
7. Die Here is .....
8. Wie was die twee broers in die verhaal?
9. Wie sien en gee altyd `n oplossing?
10. Wie was Isak se ma?

### Af

1. Wat het God Belowe?
4. Waar was die woestyn?
5. Wie was Ismael se ma?
6. Wie was Ismael en Isak se pa?

						1.N						
				2.S								
						G						
		3.B										R
	4.B		5.H						6.A			
	7.G											
	8.I						&			K		
				9.G				10.S				
									M			